21. Leerstellig

21.5 RAPPORT DEPUTATE HERVERTALING BELYDENISSKRIFTE, FORMULIERE EN FORMULIERGEBEDE

1. Opdrag

Vgl Acta 2012:376-377 (vgl ook Acta 2009:464).

Acta 2012:377

3.1 Deputate met die nodige kundigheid word aangewys om, met die oog op voorlegging aan die GKSA

3.1.1 die finale afhandeling van alle taalversorgingsvoorstelle vir die hervertaling van Formuliere en Formuliergebede in lyn met vorige Sinodebesluite te hanteer,

3.1.2 op dieselfde basis as vroeër met die NH- en NG Kerk se afgevaardigdes die Afrikaanse vertaling van die Belydenisse (Ekumeniese en die Drie Formuliere van Enigheid) af te handel.

3.2 Die te benoeme Deputate kry opdrag kry om die vertaling van die Dordtse Leerreëls wat wyle prof HW (Sampie) Simpson in 1995 gedoen het, aan die Interkerklike Kommissie voor te lê vir goedkeuring.

2. Uitvoering van opdrag

Oor die uitvoering van die opdrag kan in twee onderafdelings berig word:

2.1 *Oor 3.1.1 (Acta 2012:377)*

2.1.1 Hieraan is nog nie verdere aandag gegee nie. As begronding kan verskillende redes gemeld word, waaronder veral persoonlike omstandighede van Deputate asook eksterne redes. Een van die Deputate, dr AH Bogaards, het kort ná 2012 se Sinode (Februarie 2012) die Deputate in kennis gestel dat dit vir hom nie meer moontlik is om op die Deputate te dien nie.

2.1.2 Bowendien was daar aansluitend by 2.1.1 reeds op Sinode 2012 die gedagte (2012:377, 2.4 en 3.1) dat dit meer sinvol is om hierdie deel van die opdrag eers te hanteer ná die finale afhandeling hantering van 3.1.2 en 3.2 (2012:377) – vgl 2.2 hieronder.

2.2 *Oor 3.1.2 en 3.2 (Acta 2012:377)*

2.2.1 Op navraag van die Deputate kon in 2013 verdere uitstaande dokumente van hierdie Tussenkerklike projek aan die UV (Universiteit van die Vrystaat) opgespoor word. Enkele ander moet egter nog afgehaal word.

2.2.2 Skakeling het plaasgevind met verteenwoordigers van die NHK (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika). Daar is – ook via ‘n verteenwoordiger van die NHK – by ‘n skakelpersoon van die NGK (Nederduitse Gereformeerde Kerk) voorlopig navraag gedoen oor ‘n datum in April 2015 waarop ‘n vergadering vir die konkrete verdere uitvoering van hierdie projek DV kan plaasvind .

2.2.3 Die vertaling van die Dordtse Leerreëls wat wyle prof HW (Sampie) Simpson in 1995 gedoen het sal by bg geleentheid (2.2.2) aan die verteenwoordigers van die NHK en NGK by die Tussenkerklike Raad voorgelê kan word.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode wys Deputate aan om:

3.1.1 in kontinuïteit met vorige skakeling met sowel die NHK as die NGK sowel as in lyn met voorbereidende werk wat reeds vroeër gedoen is en die betreffende Sinodebesluite daaroor, die voltooiing van die vertaling van die Belydenisse (Ekumeniese asook die Drie Formuliere van Enigheid) af te handel;

3.1.2 in aansluiting en as deel van 3.1.1 die Simpson-vertaling van die Dordtse Leerreëls aan die verteenwoordigers van die NHK en NGK by die Tussenkerklike Raad voor te lê;

3.1.3 met in agneming van 3.1.1 en 3.1.2 en in lyn met die betrokke Sinodebesluite die finale afhandeling van die Formuliere en Formuliergebede te hanteer.

3.2 *Oor die te benoeme Deputate*: Ds E Kayayan het wel intussen na Frankryk verhuis maar sal op ‘n adviesbasis beskikbaar wees vir raadpleging. By dr AH Bogaards is die persoonlike omstandighede steeds van só ‘n aard dat hy nie tans sy weg oopsien om direk betrokke te kan wees nie. Dit sluit nie sy medewerking in ‘n latere stadium uit nie.

Rapporteur: